

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 236 Vol 389 Pg 22 469 - 22 534

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1988-04-26

DIE STAAT teen :

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21  
ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST en  
ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS  
ADV. P. FICK  
ADV. H. SMITH

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON  
ADV. G. BIZOS  
ADV. K. TIP  
ADV. Z.M. YACOOB  
ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS :

LUBBE OPNAMES

VOLUME 389

(Bladsye 22 469 - 22 534 )

HOF HERVAT OP 26 APRIL 1988.

ROBERT ANDREW LESEANE SELLO, v.o.e. (Deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Sello, u het vir die hof gesê u het geweet van die wegbly-aksie en van die opmars op 3 September 1984? -- Ja, dit is so.

Dus het jy ook geweet dat 'n deel van hierdie wegbly-aksie en deel van die opmars is dat daardie dag gaan daar geen busse of huurmotors loop in Sebokeng nie? Dit is op 3 September? -- Nee, dit is nie so nie. Ek het daarvan geweet dat daar geen busse beskikbaar sal wees die dag nie. (10)

Maar het jy dan nie geweet en gehoor mense gaan nie werk nie en omdat hulle nie moet werk toe gaan nie, gaan daar nie busse nie, dat dit deel van die hele aksie was nie? -- Toe dit gesê was dat hierdie dag 'n wegbly-aksie was dat die mense nie werk toe sal gaan nie, weet ek nie hoe dit gekom het dat die busbestuurders werk toe was nie, want daar was busse en huurmotors gewees. So, dit wil sê die huurmotorbestuurders was ook by die werk gewees.

Hoë weet u dit? -- Volgens wat ek gehoor het, het dit van 'n persoon afgehang of hy werk toe wil gaan of nie. (20) Niemand was verplig om nie werk toe te gaan nie. Die mense wat ek raakgeloop het was almal van plan om nie werk toe te gaan nie.

Hoekom antwoord jy nie my vraag nie? Hoekom ontwyk jy hom? -- Miskien verstaan ek nie die vraag nie.

Ek het vir jou gevra - jy het vir die hof gesê die huurmotors het nie gaan werk nie. Toe vra ek vir jou hoe weet jy dit, het jy dit gesien?

HOF : Die antwoord was daar was busse en huurmotors.

MNR. JACOBS : Wat geloop het, ja. (30)

HOF/...

HOF : Hulle het geloop. Toe vra u "Hoe weet u dit?"

MNR. JACOBS : Ja.

HOF : U het die vraag gehoor? -- My huis front aan die teerpad en die teerpad is die roete van die busse en die huurmotors. Die oggend se geraas van hierdie tipe voertuie is wat my wakker maak. Ek het dus terwyl ek wakker gelê het die geraas van busse en huurmotors gehoor wat op die teerpad gery het.

MNR. JACOBS : Wanneer was dit gewees? Hoe laat? -- Dit was in die oggend ongeveer 07h00 en dit is toe my vrou ook wakker geword het en opgestaan het met die oog daarop om (10) 'n huurmotor te haal.

Ek het jou getuienis verstaan dat jy het geslaap toe jou vrou opgestaan het en sy uitgegaan het. Jy het net opgestaan en die deur toegemaak en toe het jy weer verder gaan slaap tot 07h30 toe? -- As ek sê dat ek nog geslaap het, bedoel ek nie dat ek vas aan die slaap was nie. Ek het net daar wakker gelê.

Het 'n huurmotor 'n besondere geluid wat hy maak? -- Ja, daar is 'n spesifieke besondere geraas wat gemaak word deur die huurmotors. Terwyl hulle ry blaas hulle toeter ook (20) om mense se aandag te trek dat dit 'n huurmotor is.

So, hulle het nou daardie oggend gery en hulle toeter geblaas? -- Dit is 'n daaglikse ding.

Ek praat nie van 'n daaglikse ding nie, ek praat van daardie oggend? -- Toeters was geblaas.

HOF : Was dit net soos elke oggend? -- Ja.

Hoe lank het dit geduur? -- Dit het so aangegaan tot om en by 06h45.

MNR. JACOBS : Ander voertuie, blaas hulle nie toeters nie? -- Ek praat van die huurmotors wat toeters blaas met die (30)

oog/...

oog daarop dat mense nog kan inklim in die huurmotor. Dit is daardie tipe manier waarvan ek praat.

Het jy ook geweet met al hierdie kennis wat jy opgedoen het van die wegbly-aksie en die opmars dat dit gereël was dat net verpleegsters daardie dag gaan werk? -- Ek het hier vir die hof gesê dat dit nie verpligtend was vir die mense om deel te neem aan die wegbly-aksie nie. Dit het van daardie persoon afgehang of hy of sy van plan was om werk toe te gaan.

U ontwyk weer my vraag. Ek het vir jou gevra, jy het (10) nou kennis gedra omtrent die wegbly-aksie, kennis gedra van die opmars, het jy ook kennis gedra dat dit reëlins was dat net verpleegsters toegelaat word om te gaan werk daardie dag? -- Dit is nie waarvan ek geweet het nie. Ek het wel daarvan geweet dat verpleegsters werk toe gaan, maar ek het nie daarvan geweet dat dit nou die reëling was dat net die verpleegsters werk toe sal gaan nie. Wat my betref was dit 'n versoek gewees wat gerig word aan die gemeenskap dat hulle deel moet neem aan die wegbly-aksie. Dié wat van plan was om werk toe te gaan, kan so maak en wat in staat is om (20) werk toe te gaan.

Wie het hierdie versoek aan die gemeenskap gerig? -- Dit is wat ek van mense gehoor het. Soos ek alreeds gesê het het ek dit van mense gehoor wat hieromtrent gepraat het. Dat wat gesê was was dat mense werk toe wil gaan kan werk toe gaan, maar daar is spesifiek gesê dat verpleegster uniform moet aantrek as hulle werk toe gaan.

En is dit ook gesê dat die ambulanse sal verpleegsters kom haal? -- Nee, dit het ek nie gehoor nie.

Dan vra ek nog vir jou, het jy nie belang gestel om (30)

uit/...

uit te vind wie is die mense wat sê dat die mense moet wegbly en verpleegsters moet hulle uniform aantrek as hulle werk toe gaan nie? -- Ek het nie belang gehad om dit te vra nie.

Is dit nie so dat jy het ook geweet, is dit daar bekend gemaak dat skoolkinders word nie betrek by die wegbly-aksie of by die opmars nie? -- Dat hulle nie betrek word nie?

Ja of is ek verkeerd daarmee? -- Nee, ek het net gevra om seker te maak of ek die vraag reg verstaan.

HOF : Nou wat is u antwoord? -- Die kinders het tuis gebly(10) want hulle moes gesien het wat gebeur het dan later. Die rede daarvoor is dat ek self het onderwysers raakgeloop wat my meegedeel het dat hulle nie werk toe sal gaan nie. So, wat my betref sou die kinders weggebly het om te sien wat verder in die loop van die dag gebeur het.

MNR. JACOBS : Was dit dan die reëling gewees dat die kinders sou wegbly om te sien wat gebeur in die loop van die dag? -- Dit sal ek nie kan sê sonder om te weet wat die besluit was tussen die onderwysers en die kinders by die skool nie. Wat my betref is my kennis dat die kinders (20) nie die dag skool toe gegaan het nie.

Wanneer het jy die onderwyser raakgeloop? -- Dit was oor die naweek van Augustus.

HOF : Wie was dit? -- Dit is party van my vriende in wie se geselskap ek is in die lokasie.

MNR. JACOBS : Maar hoekom antwoord jy nie? Ken jy nie sy naam nie? -- Dit was nie net een persoon gewees nie. Dit was meer persone.

Ken jy nie hulle name nie? -- Ek ken hulle op die name Boytjie, Joe, Joseph. (30)

Jy noem hulle nou vriende, maar jy ken nie hulle name nie? -- Ek het dan nou net name gegee.

Maar ken jy nie hulle vanne en hulle name nie? -- Een se van is Salanyane. Dit is die enigste een wie se van ek ken.

En by watter skool hou hy skool? -- Gebied 11.

Wat is die skool se naam? -- Nee, ek weet nie wat die naam van die skool is nie. Al wat ek weet is dat hy onderwys gee te gebied 11.

Ek stel dit aan u hierdie storie wat u nou vertel (10) vir die hof van die onderwysers wat jy oor die naweek gesien het, is h verdigsel. Dit is iets wat jy uit jou duim suig? -- Dit is nie so nie.

Loop jy baie rond oor naweke? -- Ja.

Maar dan moet jy ook mos weet in daardie gebied word baie vergaderings gehou deur organisasies? -- Watter organisasies praat u nou van?

Weet u van geen organisasies wat daar vergaderings gehou het nie? -- Daar is mense wat organisasies het van "the societies" en daar is mense wat organisasies is van die (20) tennissport. Ek gaan na my plek. Ek het niks met hulle te doen nie.

HOF : Wat noem u "societies"? Is dit die "burial societies"? -- Ja.

MNR. JACOBS : In Augustusmaand het u nie kennis gedra dat die VCA - weet u wat is die VCA? Laat ons dit eers so kry. -- Ja, ek het al daarvan gehoor.

Was dit die Vaal Civic Association gewees? -- Ja.

Het jy nie gehoor dat hulle vergaderings hou daar in die gebiede nie, die woongebiede? -- Ek het al gehoor dat hulle (30)

n vergadering hou.

Is dit vergaderings teen die raadslede en die verhoogde  
huur? -- Nee, daarvan weet ek nie.

Het jy nie belang gestel om uit te vind wat se vergaderings  
dit is nie? -- Volgens wat ek gehoor het het ek die volgende  
verstaan. Dat VCA n organisasie is wat namens die gemeenskap  
sal optree dat daar nie huurverhogings moet kom nie en tweedens  
dat die toestand van die lokasie verbeter moet word.

Was dit iets goeds in jou oog? --Ja, want wat my betref  
het hulle hulleself getoon as mense wat gewillig was om dit(10)  
te doen.

En het jy toe na hulle vergaderings toe gegaan? -- Nee,  
ek was toe nog nie by die vergaderings gewees nie.

Het jy toe nie ook kennis gedra dat dit VCA was wat  
hierdie wegbly-aksie en die opmars georganiseer het nie? --  
Nee, dit het ek nie geweet nie.

Het jy kennis gedra van organisasies soos COSAS daar  
in die Vaal? -- Wat? Die vraag is nie vir my duidelik nie.  
Wat is die vraag?

Het jy kennis gedra van n organisasie soos COSAS wat (20)  
bestaan het in die skole daar in die woonbuurtes in die Vaal?  
-- Ek het daarvan gehoor dat daar organisasies was van die  
skoliere wat bekend staan as COSAS.

En was daar wegbly-aksies gereël in die Vaal gedurende  
1983/84? Verskillende klasse- en skoleboikotte? -- Nee, ek  
onthou nie van so iets nie.

HOF : Bedoel dit dat dit nie so was nie of beteken dit dit  
kon gewees het, maar u onthou dit nie? -- Dit kan wees dat  
dit wel so was, maar ek onthou nie.

MNR. JACOBS : Het jy kennis gedra van n organisasie bekend(30)

as/...

as Vaal Youth Congress of Vaal Youth Organisation? -- Nee, daardie een weet ek nie van nie.

Kom ons gaan terug na die 3de toe. Jy sê jy het besluit om nie te gaan werk nie. Is daar enige spesifieke rede hoekom jy besluit het om nie te gaan werk op 3 September nie? -- Ja, daar is 'n rede.

Wat is die rede? -- Die rede is dat ek besluit het om by die huis met die kind te bly.

Maar ek verstaan nie dat dit 'n rede kan wees dat jy besluit het om by die kind te bly nie. -- Daar was geen kind(10) wat skool toe sou gaan op hierdie dag nie en my vrou sou werk toe gegaan het. Wie sou dan by my kind gebly het hier by die huis indien ek weg was?

Is jou kind nie in 'n bewaarskool nie. Dan kon die kind mos soontoe gegaan het? -- Wat ons betref, die swartmense, staan 'n bewaarskool ook bekend as 'n skool van klein kinders.

Maar hy kon nog na die bewaarskool toe gegaan het? -- Daar was mos nie kinders daar gewees nie. Hoe kon my kind daarheen gegaan het. Die voertuig wat die kind altyd optel het dié dag ook nie opgedaag nie. (20)

Hoe laat moet die voertuig kom? -- 06h30.

Is dit 'n huurmotor? -- Dit is 'n spesiale huurmotor wat deur die crèche gehuur is om die kinders te vervoer.

Wat gebeur in vakansies dan? As daar vakansies is, wie bly dan by die huis om die kind op te pas? -- Gedurende vakansies?

Ja? -- Naweke vat ons die kind na my ouers se huis toe, maar die meeste van die tyd gedurende die vakansies sluit daardie bewaarskool nie.

So, jy kon dan dié dag ook die kind na jou ouers se (30)

huis/...



huis toe geneem het? -- Nee, ek kon dit nie gedoen het nie.

Jy sien, want dit is vir my baie eienaardig dat jy is die man wat besluit het jou vrou moet gaan werk? -- My vrou het besluit dat sy werk toe gaan. Ek het ook my toestemming gegee dat sy werk toe moet gaan en toe vir haar gesê dat ek saam met die kind moet bly.

Ek wil dit aan u stel dat u is nou besig - òf nou òf u het gister in u hoofgetuienis leuens vertel, want gister in die hof het u baie beslis hier gesê en u was baie beslis daaroor dat u het besluit dat u vrou moet gaan werk? -- Maar(10) daarby het ek bedoel dat ek en sy het dit bespreek. Sy het besluit om werk toe te gaan. Ek het dus my toestemming aan haar gegee dat sy kan gaan.

Is dit nie so nie dat u het besluit sy gaan werk omdat u geweet het daar gaan moeilikheid kom en dat verpleegsters gaan nodig gekry word? -- Uit ons twee se wil het ek haar toegelaat om werk toe te gaan en dit was 'n bekende feit gewees dat hulle werk toe moet gaan. So, dit het my goedkeuring weggedra.

HOF : By watter hospitaal het sy gewerk? -- Yskor Hospitaal.(20)

Is dit nou in Vanderbijlpark? -- Ja.

MNR. JACOBS : Hoe laat het sy daardie dag van diens af gekom?

-- Om 16h00.

Nou is dit tog vir my eienaardig dat u is so begaan dat die kind moet opgepas word, maar u het op 'n stadium u huis verlaat en die kind net so gelos terwyl jou vrou nog nie eers terug was nie? -- Nee, ek het nooit weggegaan en die kind alleen daar gelaat nie.

Jy sê jy het op 3 September nooit van jou huis af weggegaan nie? -- Ek het uitgegaan. (30)

Nee/...

Nee, weggegaan van jou huis af. Moenie dat ons mekaar verwar nie en moet ook nie my vraag ontwyk nie. -- Ek het my perseel verlaat.

Ja en die kind so gelos? -- Nee, ek het nie die kind net so gelos nie.

Wat het van die kind geword dan? -- Daar was kinders van my bure wat daar buite gespeel het. Ek het my kind by hulle gelaat.

Wanneer het u u perseel verlaat? -- Om 12h00.

En wanneer het u weer teruggekeer? -- Om 12h30 was (10) ek alreeds terug by die huis.

Is jy weer daarna weg van jou huis af? -- Nee, ek is nie weer weg nie.

Hoekom het u u huis verlaat om 12h00? -- Dit was omdat ek gehoor het van mense wat doodgemaak was daar in die nabyheid van die busstop. Ek het toe besluit om te gaan kyk.

Waar het jy dit gehoor? Jy was dan in jou huis? Jy het kind opgepas? -- Mense is daar verby terwyl ek daar buite was en hulle het gepraat.

Wat het hulle gepraat? -- Dat daar mense doodgemaak (20) was naby daardie steeg in die nabyheid van die bushalte.

Ek sal weer na daardie aspek toe terug kom en dit later met jou behandel. Ons gaan aan na hierdie 3 September se gebeure. U sê u het om 07h30 wakker geword en toe het u opgestaan en kort daarna is u na buite toe. Dit was u getuie-nis gister? -- Ja.

Hoekom is u spesifiek na buitekant toe? -- Dit was as gevolg van die geraas wat ek hier buite gehoor het van die klomp mense wat daar gepraat het. Gewoonweg is daar nie soveel mense in die nabyheid van die garage wat so n geraas (30) gemaak/...

gemaak het nie. Dus het ek uitgegaan om ondersoek in te stel.

Die geraas wat jy gehoor het, laat ons net meer duidelikhed daaromtrent kry. Wat se geraas was dit? -- Dit was van mense wat hard praat.

En skreeu? -- Nee, hulle het net hard gepraat, nie geskreeu nie.

En waar het hulle hard gepraat? In jou agterplaas of voor in die straat? -- Aan die straat se kant.

Ek wil my ondervraging vooruit loop en vir jou 'n duidelike vraag vra. In jou getuienis gister het jy vir die hof die (10) belangrikste ding nooit vir die hof vertel nie en dit is dat die polisie daar in daardie straat voor jou op mense geskiet het. Is dit nie so nie? -- Nee, ek het dit nie gesien nie? Ek het niemand op hierdie dag gesien wat geskiet was nie.

Ek sê nie dat iemand geskiet was nie. My stelling was dat die polisie het daar geskiet op mense.

HOF : Praat u van koeëls of praat u van traanrook?

MNR. JACOBS : Traanrook en rubberkoeëls? -- Dit is nie iets waarvan ek notisie geneem het nie en ek het nie gehoor dat daar op mense geskiet word nie. (20)

U sê nou dit is nie iets waarvan u notisie geneem het nie? -- Wat ek daarby bedoel is dat dit is nie iets wat voor my huis plaasgevind het terwyl ek daar was nie. Dus het dit nie plaasgevind terwyl ek daar was nie. Moontlik op die stadium wat ek weg was, kon dit in my afwesigheid plaasgevind het, maar nie terwyl ek daar was nie. Dit het nie gebeur nie.

Wat praat jy nou van toe jy weg was? Praat jy van toe jy 12h00 jou huis verlaat het? -- Ja.

Nee, maar my stelling aan u is dat daardie oggend voor 09h00 was daar geskiet en dan moes u tog daarvan kennis (30)

gedra/...

gedra het? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

HOF : Het u n verwysing?

MNR. JACOBS : Ek het twee verwysings hierso. Een is die getuienis van Kuyter. Dit is in volume 69. Dit begin vanaf bladsy 3 653 en dan gaan dit progressief aan.

HOF : En die ander een is?

MNR. JACOBS : Die ander een is n getuie wat die verdediging geroep het, mnr. Raboroka. Dit is in volume 362 bladsy 20 753. Ek wil dit aan u stel dat ons het getuienis - ek mnr. Raboroka wat n verdedigingsgetuie is aan u stel, dat(10) hy het getuig op bladsy 20 753 dat ongeveer 08h45 daardie oggend het hy daar in die omgewing van die bus, Fowler busstop en BP Garage aangekom. Op bladsy 20 754 getuig hy dat en dit is in sy hoofgetuienis die polisie het traanrook geskiet op hierdie jeugdiges wat in daardie straat opgetree het in die nabyheid van jou huis. -- Met traangas?

Ja? -- Daar was n traangasreuk gewees in die lokasie. Ek kan nie sê nie, ek het nie gehoor dat daar geskiet was daar voor my huis nie, maar ek het wel traangas bespeur.

HOF : Hoe laat het u traangas geruik? -- Dit was hier in(20) die oggend om en by 08h00 of 07h45.

Het u toe navraag gedoen? -- Nee, ek het nie navraag gedoen nie.

Hoekom nie? -- Want ons het nie geweet waarvandaan hierdie reuk gekom het nie. Ons kon net ruik dit is traangas. Ek het net vir myself gesê iewers is daar traangas geskiet

Is dit n gewone ding dat daar traangas in daardie woonbuurt gebruik word? -- Dit is nie n gewone ding nie, maar partykeer kan traangas van ver af geskiet word of gebruik word. As gevolg van die wind wat waai kan n mens dit ver (30)

nog/...

nog ruik.

Maar wanneer voor dit het u traangas geruik? Wanneer voor 3 September het u traangas geruik? -- In 1976 terwyl ek in Soweto was.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Was u toe daar tydens die onluste? -- Oor 'n naweek het ek 'n begrafnis bygewoon in Soweto. Dit is toe ek die traangas geruik het.

HOF : Dan kom ek nou terug by my probleem wat ek gehad het netnou. Toe u die traangas ruik, toe weet u mos hier is nou moeilikheid in die woongebied? -- Ja, ek het so besluit. (10)

En het u toe nie navraag gedoen om uit te vind wat gaan nou aan in hierdie woongebied nie? -- Waar ons gestaan het toe ek die traangas geruik het, het ons mekaar gevra wat gebeur nou. Wat is dit. Van ons wat daar gestaan het het niemand geweet nie.

Dit is nou julle mense daar in die voortuine? -- Ja.

MNR. JACOBS : Saam met wie het jy in die voortuin gestaan? -- Saam met my bure en die werknemers van die garage.

Ek wil net een aspek duidelik kry. U is ongeveer net na 07h30 uit die huis uit toe u die geraas gehoor het. Is (20) dit reg? -- Ja.

En u is weer terug in die huis in na die polisie gekom het soos u dit getuig het en die busse daarso kom help het en die pad skoongemaak het en die busse teruggebegelei het in die rigting van die poskantoor? -- Ja, dit is so.

So, dit moes omtrent vir 'n baie lang tyd gewees het want is dit nie reg dat dit was ongeveer 09h00 of na 09h00 toe die busse daar weg is nie? -- Wat het nou 'n lang tyd geneem?

Wat jy daar buitekant die huis gestaan het om te kyk (30)

wat/...

wat alles daar aangaan? -- Ek het nie lank geneem daar buite nie, want ek het af en toe teruggekeer in die huis in waar ek besig was met die voorbereiding vir die kos vir myself en die kind.

Jy sien, dit het jy nie gister vir die hof vertel nie. Hoekom nie? -- Ek was nie oor iets soos hierdie gevra nie.

Maar jy het tog vir die hof vertel wat daar gebeur het van wat jy gesien het voor jou huis? -- Ja, ek het verduidelik, maar ek het nie daaraan gedink dat ek daaromtrent gevra kan word nie. (10)

Is dit so dat die tyd toe jy die traanrook geruik het ongeveer 08h00 soos u sê is die tyd wat u buite was as gevolg van die lawaai in die straat? -- Ek was alreeds daar buite gewees om ondersoek in te stel oor die geraas toe ek die traangas geruik het.

Dit was ongeveer 08h00 het u gesê? Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

Of was dit vroeër gewees? -- Nee.

U het net na 07h30 uitgegaan tot 08h00 toe, het jy geen traanrook geruik nie? -- Ek sê ek het die traangas geruik (20) om en by 08h00.

Ja, maar my vraag aan u is, tussen die tydperk 07h30, net na 07h30 toe u uitgegaan het tot 08h00 was daar geen traanrook wat u geruik het nie? Traangas? -- Vir die hele tyd wat ek daar buite gestaan het, het ek dit nog nie goed geruik of dit traangas was in my neus nie.

U sien, ek wil graag van u weet, waar het die traanrook toe skielik 08h00 vandaan gekom? -- Dit is wat my ook verbaas. Dit is hoekom ek sê dat dit met die wind gewaai het tot by daardie punt. (30)

Ek/...

Ek sal vir u verduidelik wat gebeur het daar. Is dit nie so dat regoor u huis aan die oorkant van daardie pad is daar 'n oop stuk veld nie? -- Ja, daar is 'n oop stuk veld.

Nou wil ek dit aan u stel dat daarso naby waar die huise in daardie gebied in daardie oop stuk van gebied 11 begin, daar het 'n polisievoertuig gestaan die oggend van 07h00 af? -- Ek het dit nie opgelet nie en om 07h00 was ek nog nie na buite toe nie.

Ek wil dit aan u stel dat toe u uitgekom het na buitekant toe moes u daardie voertuig daar sien staan het? -- Dit (10) is verbasend as u sê dat die polisievoertuig daar gestaan het, want indien dit die geval is, hoe sou daardie seuns dan die klippe in die pad gepak het of neergesit het terwyl die polisievoertuig daarstaan?

Want ek wil dit aan u stel, die polisie sê self ook die seuns het daarso nie asblikdeksels nie, maar die asblikke self, die inhoud van die asblikke en klippe daar in die pad begin pak? -- Wat ek gesien het was die deksels en klippe.

En ek wil dit verder aan jou stel dat om 08h00 presies, so asof dit 'n afgespreekte ding was, was die getuienis (20) van die polisiebeampte, het die mense uit die huise gekom en aangesluit by hierdie jeugdige en hulle het die polisie met klippe gegooi daar? -- Dit is ook 'n ding waaroor ek nie kan getuig nie.

Is dit nie so nie dat u het self daaraan deelgeneem, daarom dat u nou skielik hierdie dinge kan oor getuig nie? -- Nee, ek het geen deel gehad aan so iets nie en daar was nie so iets gewees nie.

HOF : As die polisie in die oop veld staan oorkant u huis en oorkant die motorhawe, is dit moontlik dat u hom nie (30)

sou/...

sou sien nie? Is daar enige versperrings op die oop veld? --  
Daar is niks wat my uitsig belemmer het daar nie. Ek sou  
dit gesien het indien daar enige voertuig was.

MNR. JACOBS :

Weet jy waar kom die traanrook toe 08h00 vandaan toe  
hierdie aanval geloods is op die polisie, is daar traanrook  
geskiet en rubberkoeëls? -- Nee, dit is nie my kennis van  
die hele ding daar in die omgewing nie.

Is dit nie so nie, die asblikdeksels wat u van praat,  
was deur die jeugdiges en die mense wat die polisie gegooi  
het met klippe gebruik as 'n skildveld of 'n skerm teen (10)  
rubberkoeëls? -- Ek sê dit het ek nie gesien nie. Ek weet  
nou nie wat om daaroor te sê as ek dit nie gesien het nie.

Maar hoe is dit moontlik dat u dit nie kon sien nie as  
daardie dinge daar gebeur het? -- U stelling is dat toe  
hierdie jeugdiges, die seuns, die klippe daar neergesit het  
waar hulle die pad versper het, het die polisievoertuig alreeds  
daar gestaan. Wat my verbaas is dat hoe kon hulle dit gedoen  
het terwyl die polisievoertuig daar staan.

Dit is nie wat my verbaas of wat jou verbaas het nie, ek  
maak 'n stelling aan jou. Hoe is dit moontlik dan dat jy (20)  
dit nie kon gesien het dat die dinge daar gebeur nie? --  
Nee, dit is nie so nie.

En is dit nie so dat op 'n stadium daar het daardie mense  
ook die busse gegooi en daar was mense in die busse en die  
mense het uit die busse gepeul en gevlug? -- Nee, indien  
dit gebeur het, dan het dit gebeur waar ek nie kon sien nie.

HOF : Kon u tot by die terminus sien? -- Ja, ek kan so ver  
sien.

MNR. JACOBS : Jy het vir ons gister vertel van busse wat  
daar gestaan het. Het ek jou getuienis reg verstaan dat (30)  
daar/...



daar busse aan weerskante van daardie pad was? -- Nie aan weerskante nie.

HOF : Aan die oostekant van die pad? -- Ja, aan gebied 11 se kant.

MNR. JACOBS : Want mnr. Raboroka sê dat daar was ongeveer vyf busse op die kant van die pad aan zone 12 se kant geparkeer? Dit is op bladsy 20 754. -- Gebied 12 se kant het hoegenaamd geen plek waar 'n bus kon gestop het of geparkeer het nie, want net buite die grensdraad wat aan die voorkant van die huise is, is daar grasperke. Met die gevolg, (10) selfs vir die voetgangers is daar 'n baie klein plekkie om op te loop sonder om op die grasperk te wees. Dus kon daar geen busse geparkeer word nie.

Nee, dit is nie wat dit kon gewees het of nie kon gewees het nie, maar aan die kant van die pad aan zone 12 kant van die pad was daar vyf busse geparkeer volgens mnr. Raboroka? -- Nee, dit is nie so nie. Daar is geen busse wat ek gesien het wat aan daardie kant geparkeer was, dit wil sê aan gebied 12 se kant nie.

Is jou getuienis dus as mnr. Raboroka vir hierdie hof (20) kom sê het dat daar was busse geparkeer, daar was skermutselinge met die polisie wat daar was tussen hierdie mense wat daar was, swartmense en die polisie, dat daar gevuur was ... dit is alles leuens wat hy vertel het hier in die hof? -- Ek ken nie die Raboroka nie. Ek wil my nie vereenselwig met hom nie. Ek weet nie waar hy bly nie. Ek getuig oor wat ek self gesien het en waarvan ek weet.

So maklik kom 'n mens nie daarmee weg nie. Dit is 'n feit dat wie mnr. Raboroka ook al was, dat hy het gesê wat daar gebeur het en jy sê iets anders nou, dan met ander woorde (30)

dit/...

dit beteken nou hy het vir die hof 'n klomp leuens kom vertel as hy iets anders sê as wat jy sê?

HOF : Ek sal oordeel of hy leuens vertel het of nie. Dit is nie vir hierdie getuie om vir my te vertel of hy leuens vertel het of nie.

MR BIZOS : In any event, at the bottom of page 20 754 to 20 755 - I do not want to have an argument now. This "skermutseling" took place apparently according to Mr Raboroka's evidence in the first street in zone 11, but we will argue the case in due course. (10)

MNR. JACOBS : Ek gaan ook nie nou verdere kommentaar daaroor lewer nie. Ek los dit nou daar.

HOF : Ek is nie van plan om hier 'n skermutseling toe te laat tussen die advokate nie. Anders sal ons van traanrook gebruik moet maak.

MNR. JACOBS : Was daar ook as wat in die asdromme was in die pad uitgegooi? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

As daar asdromme was oor hierdie groot oppervlakte, dit is 'n redelik groot oppervlakte waar versperrings op aangebring was. Is dit reg? -- Dit was 'n heelwat groot stuk (20) van die teervlak van die pad. Soos ek alreeds gesê het omtrent die vierde huis van my huis af het dit begin in die rigting van die busstop.

Het dit nie al begin voor jou huis in die rigting van die BP garage nie? -- Nee, dit het nie daar begin nie.

Wat het jy gedoen om te verhoed dat hierdie mense jou asblik se deksel daar gaan verwyder? -- Daar is geen omheining by my perseel nie. So, daar is nie 'n grens tussen die straat en my perseel nie. Toe ek uit die huis gekom het, was die deksel nie meer daar nie. (30)

HOF : Staan u asblik aan die voorkant of aan die agterkant van die huis? -- Ons hou dit aan die voorkant. Myne is aan die voorkant van die huis.

MNR. JACOBS : Voordat die busse nou die terminus verlaat het, het u ... (Mr Bizos intervenes)

MR BIZOS : The witness has been calling it a bus stop.

MNR. JACOBS : Goed, busstop. Die Fowler busstop of daardie omgewing verlaat het, het jy enige rook gesien in die rigting van die poskantoor en van gebied 13? -- Ek kan nie gebied 13 sien vanwaar ek gestaan het nie. (10)

Maar in sy rigting, in die rigting van die poskantoor. Jy het mos nou gekyk na die gebeure by Fowler bushalte en is dit nie so nie as jy van jou huis af in die rigting van Fowler bushalte kyk is dit in die rigting van gebied 13 nie? -- Is dit nie gebied 11 daar in die rigting van die busstop nie?

En ander kant gebied 11 in die rigting - as jy kyk kry jy die busstop en kry jy gebied en dan kry jy gebied 13 bo? -- O, nou verstaan ek. Wat is u vraag?

Is dit reg so, kyk, as 'n mens daar by jou huis staan (20) dan kyk 'n mens na die busstop toe, gebied 11 verby en dan bo sal jy gebied 13 kry. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

En gebied 13 is daar naby die poskantoor? -- Ja.

Het jy geen rook in daardie gesien ontstaan terwyl hierdie gebeure nog daar plaasgevind het nie? --

HOF : Die vraag was voordat die busse Fowler se bushalte verlaat het, is daar rook gesien in die rigting van die poskantoor en in die rigting van gebied 13? -- Nee, ek het dit nie opgelet nie.

MNR. JACOBS : Jy sien, ek wil dit aan u stel dat mnr. (30)

Raboroka het hier vir die hof vertel dat terwyl hulle hier nog observasie gehou het by die gebeure naby Fowler se bus-halte, het hy ook daar 'n digte rookkolom gesien wat ontstaan het in gebied 13 by die munisipale kantore daar en hulle het gegaan om 'n ondersoek daarna in te stel? -- Ek weet nie daarvan nie, want volgens die stelling het hy heen en weergery of beweeg. Ek het by een punt gestaan. Met die gevolg is daar is sekere dinge wat ek nie in staat was om te sien vanwaar ek gestaan het nie.

Wie het die stelling gemaak dat hy het heen en weer (10) gery? -- Maar u stelling is hulle het op 'n stadium weggegaan om te gaan sien wat gebeur daar.

My stelling aan jou was baie duidelik, terwyl hy observasie gehou het hier by die gebeure by Fowler garage. Ek het nooit gepraat van weergery of heen en weergery nie? As ek net die verwysing vir die hof kan gee. Dit is op bladsy 20 755 van mnr. Raboroka se getuienis.

HOF : Het u 'n antwoord? -- 'n Persoon wat by die busstop staan kan beter sien in gebied 13 en as ek by my huis staan waar ek gestaan het, kan ek nie beter sien as daardie persoon wat (20) in gebied 13 plaasvind nie.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

ROBERT ANDREW LESEANE SELLO, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Sello, ek wil dit ook aan u stel dat die polisie het daardie toneel verlaat nie saam met die busse nie, maar het die toneel verlaat en het in gebied 12 ingegaan omdat daar ook 'n groot rookkolom in gebied 12 ontstaan het by die munisipale kantore. -- Dit is die polisie wat saam met die busse daar weg was in die rigting van die poskantoor. (30)

Het/...

Het jy die rookkolom daar in gebied 12 gesien daar agter in die gebied in by die munisipale kantore? -- Dit was om en by tussen 13h00 en 14h00 waar ek bewus geword het van die rook orals in die gebiede.

Maar ek praat nie nou van daardie tyd nie. Ek praat van op hierdie stadium die oggend? -- Ek sal nie daarvan weet of daar enige rook was in gebied 12 nie. Wat ek wel van weet is dat die polisie saam met die busse daar weg is.

Jy sien, ek wil dit net ook aan u stel dat mnr. Raboroka het vir die hof gesê dat daardie straat was versper gewees (10) deur as wat orals op die pad gegooi was, deur stene wat op die pad gegooi was en dan asblikke wat op die pad gegooi was.

Dit was ongeveer om 08h55 toe hy ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Was dit stene of klippe? Het hy Engels gepraat?

MNR. JACOBS : Bricks. -- Die versperrings was daar gewees gemaak van klippe en "dustbin lids" wat later verwyder was. Dit is wat ek gesien het.

Kom ons gaan dan net h bietjie aan met u getuienis.

U sê dat u het h gesingery gehoor en toe het u uitgegaan?

-- Ja, dit is so.

(20)

Tot waar het u daar buitekant u huis gegaan? -- Op my voortuin.

Was dit by die deur of was dit buitekant jou perseel gewees in die straat? -- Op my grasperk aan die voorkant het ek gestaan.

En waar u daar gestaan het kon u as u na links kyk, in daardie straat heeltemal aan weerskante kyk en as u regs kyk ook heeltemal aan weerskante? -- Ja.

En van daar af waar u daar gestaan het, het u later dan weer teruggegaan in die huis in? U is nie verder uit na (30)

die/...

die straat toe nie? -- Ek het in die huis in teruggekeer.  
Ek was nie straat toe nie.

Die groep wat nou aangekom het, het hulle gekom vanaf die rigting van Masenkeng? -- Ek sal nie kan sê presies van watter rigting af nie, maar vir my het dit voorgekom of hulle van gebied 7 se rigting af gekom het.

MR BIZOS : It is not clear to us which group is being referred to. I do not know whether it is clear to your lordship.

COURT : No, but does it matter much, because you led evidence (10 of a group coming from that direction?

MR BIZOS : Yes, but in the context it was clear what the witness was referring to.

COURT : No doubt it will become clear soon.

MNR. JACOBS : Ek neem aan die groep waarvan u praat is die een wat u gehoor het waar die mense gesing het? Ek weet nie watter groep is die nie? -- Ja, die mense wat deelgeneem het aan die optog.

Kyk, laat ons nou duidelikheid kry. Ons weet nou van - jy het gepraat van twee groepe wat h optog gehad het. Die (20) groep wat u gehoor het wat gesing het en toe uitgegaan het van watter kant af het hulle gekom? -- Hulle het van gebied 7 se rigting af gekom.

Hierdie groep wat van gebied 7 se rigting af gekom het, hoeveel plakkate het u opgemerk in daardie groep? -- Vier of ses.

K1323

Is dit al wat daar was, net vier of ses? -- Die mense heel voor in hierdie optog is die enigste mense wat die plakkate gedra het. Verder na agter toe was daar niemand gewees wat h plakkaat gedra het nie.

(30)

Maar/...

Maar u sê daar was net vier of ses plakkate gewees? --  
Ja, ek sê daar was vier of ses daar voor waar hulle die  
plakkate gedra het.

In werklikheid was dit baie min plakkate, nê? -- Ja,  
dit was min gewees.

Jy sien, hoekom ek vir jou vra is, die getuienis was  
gewees dat toe hulle die plakkate gemaak het was dit baie  
meer as vier of ses gewees. Dit was nou verkeerd?

HOF : U is nou so vaag. Gee die getuie darem nou 'n idee  
wat die getuienis is. (10)

MNR. JACOBS : Daar was ongeveer vyftien gemaak. -- Met die  
maak van die plakkate?

Ja? -- Ek sal nie daaromtrent kommentaar kan lewer nie.  
Ek praat net van dit wat ek gesien het wat hulle daar gedra  
het. Dit is die skatting wat ek gegee het.

Die plakkate wat hulle gedra het, was hulle in die lug  
gedra of het die mense hulle sommer net voor hulle bors gedra?  
-- Hulle het dit hoog gehou.

Was daar enige baniere gewees ook? Weet jy wat is 'n  
banier? -- nee. (20)

'n Vlag, 'n lap wat gemaak is waar mense dit aan die kante  
dra met stokke? -- Nee, dit het ek nie gesien nie.

Hierdie plakkate, was hulle gedra deur jongmense? --  
Nee, dit was gedra deur mense van ouderdomme ouer as ek.

HOF : Het u gesê hoe oud u is? Ek dink u het? -- Ek is  
34 jaar oud.

MNR. JACOBS : En as enigiemand anders hier in die hof sou  
getuig het dat dit jongmense was wat die plakkate gedra  
het, dan was dit eintlik ook nie die waarheid nie? -- Ja, dit  
is so. (30)

Het jy al die plakkate gelees of net party? -- Ek het net party van hulle gelees.

Jy kan nie vir die hof sê wat staan op al die plakkate daar nie? -- Ek weet nie wat 'n plakkaat is nie, maar laat ek vir u so sê. Groot kartondose was gebruik om op te skryf.

Maar hulle het jy nie almal gelees nie, so jy kan nie sê wat staan op al die plakkate wat daar was nie? -- Ja, ek sal nie kan sê wat geskryf was op al die plakkate wat ek gesien het nie, want daardie mense wat aan die ander kant geloop het, was af en toe weggedraai van my af. (10)

Hierdie optog, soos hy aangekom het, voor die plakkaatdraers, het hulle leiers gehad wat hierdie optog gelei het? -- Net die mense wat die plakkate gedra het was sigbaar. Onmiddellik na die plakkaatdraers was dan die optog se mense.

Het jy van hierdie mense wat voor aan hierdie optog geloop het herken? -- Nee, ek het niemand geken nie.

Ken jy 'n persoon met die naam van Esau Raditsela? -- Nee, ek kan hom nie.

Hy was die vise-voorsitter van die VCA? Het jy dit nie geweet nie? -- Nee, ek het dit nie geweet nie. (20)

Weet jy hoe lyk UDF of COSAS T-hemde? -- Ek ken UDF T-hemde, nie COSAS s'n nie.

In hierdie optog aan die voerpunt by die plakkaatdraers was daar enige mense met T-hemde gewees? -- Nee, daar was niemand met 'n T-hemp aan nie.

En in die optog self? -- Daar was niemand met 'n T-hemp in die optog nie.

Jy sien, ek wil dit aan u stel u kan nie eers vir die hof sê of dit so is of nie? -- Ek het vir die eerste keer bewus geword hoe lyk 'n COSAS T-hemp na die onluste. 'n UDF T-hemp (30)

het/...



het ek geken van daardie tyd af. Dit wil sê in daardie tyd het ek dit al geken en ek sê in hierdie optog was daar nie T-hemde gewees nie.

Ek wil dit aan u stel dat hierdie optog was nie mense wat in enkel gelid agter mekaar geloop het nie, maar daar was rye mense wat agter mekaar geloop het? -- My getuienis is die mense heel voor, dit is die plakkaatdraers, was die enigste persone wat in h ry was op hierdie optog. Die res agter hulle aan wat die optog gevorm het, was net daar gewees, maar nie in rye nie. Hulle was nie in rye opgestel(10) nie.

So, hulle was sommer so h hele deurmekaar bont spul wat die hele padoppervlakte gedek het? -- Hulle was net bymekaar gewees. Hulle was nie in rye opgestel nie.

Jy sien, dan wil ek dit aan u stel, as dit die geval was en hierdie optog was seker omtrent vyfhonderd meter lank of langer? -- Ek is nie so goed met afmetings nie. Ek sal dus nie vir die hof kan sê hoe ver vyfhonderd meter geskat kan word nie.

Dit was h baie lang optog? -- Dit was h lang optog, ja. (20)

U sien, dan wil ek dit aan u stel, dit was vir u onmoontlik, as daardie mense soos u sê in so h lang optog wat die breedte van die pad het - laat ons net duidelikheid kry of u saamstem daarmee. Hierdie optog soos die mense so deurmekaar geloop het, het hulle die hele breedte van die teeroppervlakte van daardie pad gedek? -- Ja, in die middel van die straat, dit wil sê op die teeroppervlakte van die straat was hulle.

Maar u antwoord nou nie. Ek weet nie wat beteken u antwoord nie. Het hulle die hele teeroppervlakte gedek (30)

soos/...

soos hulle geloop het? -- Ja.

Jy sien, dan wil ek dit aan u stel, dit is onmoontlik vir u om te kan sê wat was die kleredrag van die mense wat in die middel van die optog was of aan die ander kant weg van u af was? -- Ek kon die meeste van die mense sien daar wat in gewone kleredrag gekleed was.

Die meeste van die mense naaste aan u kon u moontlik gesien het, maar nie in die middel en aan die ander kante nie? -- Wat aan die ander kant was, ja, kon ek nie gesien het nie, maar wat heel voor was en selfs dié wat aan my (10) kant van die straat was en ook in die middel was, kon ek sien.

En ek wil dit verder aan u stel dat u kon nie skat op daardie stadium dat hierdie mense wat almal in daardie optog is, dat so 'n groot persentasie van hulle se ouderdomme kon u skat nie? -- Ek kon dit sien.

Want ek wil dit aan u stel daar was heelwat jong mense in daardie optog gewees? -- As ek moet skat omtrent 'n derde of 'n kwart van die optog was die jong mense gewees. Dit wil sê 'n drie-kwart was die oumense gewees.

Het u enige T-hemde in daardie optog gesien? -- Ek het (20) geen T-hemde daar gesien nie. Daar was geen T-hemde nie.

U sien, hoekom ek dit vir u vra is, want dit was vir my baie eienaardig toe u u getuienis-in-hoof gegee het waarom het u dan vir mnr. Bizos gevra watter tipe T-hemde hy na verwys toe hy vir jou gevra het omtrent T-hemde? -- Daar is verskillende tipe T-hemde. Daar is 'n soort van 'n T-hemp wat 'n mens kan aantrek as hy gholf gaan speel. Daar is 'n soort van 'n T-hemp wat 'n mens kan aantrek by sekere geleenthede. Dit is eintlik wat ek wil verstaan.

HOF : Wat verstaan u onder 'n T-hemp? Hoe lyk hy? -- Op ..(30)  
die/...

die huidige oomblik dra ek kennis van twee tipe T-hemde. Ek het self T-hemde wat ek dra by die huis. Dit is die een soort en dan het ek die soort wat die organisasies gebruik vir die doel van die organisasie.

Ja, maar nou weet ek nog nie hoe lyk n T-hemp nie? -- My T-hemde kan ek so beskryf. Dit het n kort mou met n kraag en so half oop vanaf die nek met knope. Dan kry n mens n ander tipe T-hemp wat hulle sê is T-hemde wat vir my meer lyk na n vest. Dit is sonder n kraag met n opening voor ook met kort moue. (10)

MNR. JACOBS : Het u enige besondere belang gehad in die ouderdoms - die mense se ouderdomme wat in hierdie optog deelgeneem het? -- Die meeste van die mense in hierdie optog was oumense gewees.

U het ook vir die hof gemeld van n groep wat van die poskantoor se kant af gekom het van die teenoorgestelde kant. -- Ja.

Wat het u aandag spesifiek op hulle gevestig? Wanneer het u hulle opgemerk? -- Dit was as gevolg van die vermindering van spoed deur die optog wat my genoodsaak het dat ek (20) opkyk om te sien wat die rede was en toe gesien het dat daar n ander klomp mense is wat aangekom het in die teenoorgestelde rigting.

So, toe u hulle opgemerk het was hierdie mars wat van gebied 7 se kant af gekom het se voorpunt alreeds verby jou huis gewees?

HOF : Ek sal dit in die lig van die beskrywing van die getuie hoegenaamd nie n mars noem nie. Daar was geen gelid hoegenaamd nie.

MNR. JACOBS : Dit is maar die mag van die gewoonte. Die (30) opmars/...

opmars. Ek weet nie hoe moet ek dit noem nie.

HOF : n Optog is beter.

MNR. JACOBS : Die voerpunt was alreeds verby julle huis gewees? -- Ja, hulle was al verby gewees. Dit is eintlik dié wat agter hulle was wat begin het om stadig te loop wat my gemaak het dat ek opkyk.

Toe jy nou opkyk, het jy gesien of die voerpunt van hierdie mars tot stilstand gekom het - hierdie optog, ekskuus? -- Ja, hulle het alreeds gestop. Toe ek verder opgekyk het sien ek dat daar n ander klomp mense is wat aankom in die (10) teenoorgestelde rigting.

Waar het die voerpunt van hierdie optog gestop toe jy nou gekyk het? -- Hulle was alreeds by die busstop, ongeveer by die einde van die busstop as n mens dit verbygaan.

En het hulle daar gestop om vir die mense wat van voor af aankom te wag? -- Hulle het gestop net voor hulle bymekaar was, dit wil sê mekaar presies ontmoet het, maar naby mekaar.

Die voerpunt van die opmars wat gekom het was dan ook naby die busstop gewees op daardie stadium? -- Ja, hulle was by die bushalte gewees. (20)

U het vir die hof gesê hierdie mense wat van voor af van die poskantoor se kant af gekom het, was ook n mars gewees en u het gesê omdat hulle ook plakkate gehad het? -- Ja.

Hoeveel mense was in daardie groep gewees ongeveer wat van voor af van die poskantoor se kant af gekom het? -- Ek sal nie met sekerheid kan sê hoeveel hulle was nie, want as n mens in die rigting van die busstop kyk, dit wil sê die rigting waarvandaan hulle gekom het, dan maak daardie pad so n draai daar. Van die mense het nog nie uit daardie draai gekom nie. Ek kan nie sê nie, want my uitsig was (30)

belemmer/...

belemmer omdat hulle nog in die draai was.

Die lengte van hierdie ander mars dan om dit so te stel was vanaf die busstop, Fowler se busstop terug in die pad verby die kurwe daar in die interseksie en nog verder aan in daardie pad terug na die poskantoor toe? -- Om by daardie draai te kom was daar geen aanduiding vir my gewees om vir die hof te kan sê dat al die mense nou om die hoek gekom het daar nie, want dit was net mense wat om daardie draai gekom het en waar daar geen aanduiding is dat hulle nou almal uitgekom het uit die draai uit of dat daar nog mense (10) was wat om die draai was.

Ja, maar kyk, jy kyk terug vanaf jou huis waar jy staan voor jou huis en jy sien daardie optog wat van die poskantoor ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Mnr. Jacobs, waarmee is u nou besig? Die getuie het vir u vertel dat hulle gestrek het tot verby die draai, toe kon hy hulle nie meer sien nie. Is u nou besig om weer deur dieselfde paadjie te gaan?

MNR. JACOBS : Nee, dit sal belangrik wees vir die volgende aspek wat in sy getuienis dan behandel sal word. (20)

HOF : Dan moet u maar by die volgende aspek kom.

MNR. JACOBS : Daardie optog, was hulle ook die breedte van die teeroppervlakte so opgestel of soos hulle aanbeweeg het dat hulle die teeroppervlakte se breedte gedek het? -- Ja.

Hoe het die twee groepe gemeng toe? Het hulle net soos hulle daar gestaan het omgedraai en het die voerpunt wat - die agterpunt wat jy nie kon sien nie toe die voerpunt geword? -- Al wat ek weet is dat die twee voerpunte ontmoet het en dit het nie lank geduur dat hulle daar gestop het nie. n Rukkie na hulle ontmoet het, het hulle toe verder (30)

aangestap/...

aangestap.

Maar u staan tog en kyk daarso. As u getuienis die waarheid is dat u daar gestaan het en kyk het, dan moes u tog gesien het dat hulle draai net om en nou gaan hulle weer aan? -- As ek reg verstaan behoort dit so te gewees het, want die mense het net vorentoe gegaan.

Ek vra nie vir jou wat dit behoort te wees nie. Ek vra vir jou wat het jy gesien? -- Ek het gesien dat hulle omgedraai het en geloop het.

HOF : As ek die prentjie reg het kom die twee bymekaar (10) naby die ander kant van Fowler se bushalte? -- Ja.

Op daardie stadium strek die nuwe optog terug tot verby die draai, hoe ver kan u nie sien nie? -- Ja.

Sê u dat daardie nuwe optog het toe in hulle spoor omgedraai en toe ook teruggegaan? -- Dit is wat ek sê.

MNR. JACOBS : Wat het van die plakkaatdraers geword van hierdie mense wat in die optog was wat van gebied 7 se rigting af gekom het, wat die voerpunt gevorm het van daardie optog? -- Kyk, ek sê dit is wat gebeur het wat ek kon sien daar, maar nie ver van daardie punt af nie, waar hulle ontmoet het, (20) is die draai en om die draai kan ek nie sien nie. So, wat verder gebeur het na hulle om die draai gekom het kan ek nie oor getuig nie, want ek het nie gesien nie.

Jy sien, ek wil van u weet - ek het nie dit vir u gevra nie. Ek vra wat het van hierdie voerpunt geword wat u blykbaar wel gesien het - wat het van die plakkaatdraers geword wat voor aan hierdie optog was wat van gebied 7 se kant af gekom het? --

HOF : Met ander woorde, van die ou optog?

MNR. JACOBS : Van die ou optog? -- Hulle het saam gestap. (30)

Na hulle mekaar daar ontmoet het en dié gedraai het, het hulle voortgestap.

Het hulle daar op hulle selfde plek gebly? -- Dit is wat ek vir die hof sê. Ek kan nie daaroor getuig nie. Hier is die mense nou naby hierdie draai waar hulle begin wegloop. Ek kan nie sê of hulle nou na hulle om die draai gekom het die posisies verander het om weer aan die voerpunt te wees of wat van hulle geword het nie. Dit kan ek nie sê nie.

Maar u kon mos gesien het toe hulle nou weer begin loop dat daar bly die plakkaatdraers nou aan die agterpunt van(10) die nuwe groep wat voor aangesluit het? -- Ek sê ek het gesien toe die twee ontmoet het en dit was naby die draai. Hulle is weg in die rigting van die draai. Hulle het daar verdwyn om die draai. Ek kan nou nie vir die hof sê wat gebeur het in die tussentyd nie.

U sê hulle verdwyn om die draai. Is dit 'n skerp draai hierdie wat jy van praat? -- Dit is 'n skerp draai, want ek sal u sê, al kan ek by my perseel uitkom en op die sypaadjie staan voor my huis, sal ek nogtans nie kan sien wat om daardie draai gebeur nie. (20)

So, is dit 'n 90° soos die hoek van 'n straat se draai of ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Watter sin het dit nou. Ons sit met 'n kaart wat vir ons wys watter graad dit is.

MNR. JACOBS : Dit gaan met alle respek oor sy geloofwaardigheid.

HOF : Die getuie woon daar. Hy gaan nie vir ons vertel dat die ding 'n vreeslike skerp draai het in die sin van wat u skerp verstaan nie. Klaarblyklik is hier 'n miverstand. Hy bedoel met skerp dat jy nie om hom kan kyk nie. Dit help (30)  
nie/...

nie om met hierdie soort van ding aan te gaan nie. Ons weet mos hoe lyk die draai. As u kyk op die kaart sal u sien as h mens by sy huis staan kan jy nie om die draai kyk nie.

Nou watter sin het die kruisverhoor dan?

MNR. JACOBS : Toe u die rook gesien het in die rigting van wat u gesê het anderkant die bushalte, het u mense gesien op daardie interseksie op daardie hoek daar waar die steeg begin? -- Daar was mense wat daar gestaan het in die omgewing van die busstop na my kant toe. Orals in daardie omgewing. Ek het nie spesifiek opgelet wat die steeg betref nie. (10)

U sien, ek wil aan u stel dat hierdie optog, soos u dit noem, wat aangesluit het en wat nou so ver verby gestrek het, is h onwaarheid wat u vir die hof vertel? -- Dit is die waarheid,

Wat gebeur het is toe hierdie optog wat gekom het vanaf gebied 7 se kant af se voerpunt die interseksie daar genader het en die steeg genader het, het mense uit die steeg gekom na die voerpunt van hierdie optog toe en die voerpunt is in daardie steeg in? En dat Caesar Motjeane se huis is aan die brand gestek eers nadat die voerpunt van hierdie optog (20) daar in is? -- Dit is nie so nie. Volgens my waarneming het ek die mense gesien dat hulle met die teerpad af gekom het vanaf die rigting van die poskantoor.

Ek gaan nou net verder na die laaste aspek toe, toe u nou gegaan het na die huis van Caesar Motjeane die middag was die huis gebrand gewees? -- Ja, dit was alreeds gebrand.

HOF : Het hy nog gerook? -- Ja, maar baie swak, nie sterk rook wat hoog getrek het nie.

MNR. JACOBS : En die lyk wat u daar gekry het, het dit direk voor Caesar se huis gelê? -- Ek is nie meer seker (30)

van/...



van Caeser Motjeane se huis of dit die derde of die vierde huis is vanaf die steeg nie, maar dit was - die lyk was voor die huis gewees net voor h mens by Caeser Motjeane se huis kom as jy vanaf die rigting van die steeg gekom het.

Was daar enige voertuie wat gebrand was? -- Nee, ek het dit nie opgelet nie.

HOF : Die huis wat u gesien het gebrand is, het sy dak inmekaar getuimel? -- Nee.

MNR. JACOBS : Die tweede lyk wat u gekry het, was dit in die perseel regoor Caeser s'n? -- Iewers in h perseel by die (10) persele wat oorkant die straat is in die teenoorgestelde rigting van Caeser se huis. Dit is nie direk nie. Ek kan nie sê nie, maar iewers in daardie huis.

Jy sien, dit is wat jy in jou getuienis gesê het in die huis oorkant Caeser s'n, die gebrande een van Caeser, het jy h lyk gekry. Waar het die lyk gelê? In die perseel voor? -- Die oorkant wat ek gebruik het was in die algemeen. Een van die persele by die huise wat aan die oorkant van die straat was wat aan die teenoorgestelde rigting van Caeser se huis front. (20)

Waar het die lyk gelê? Aan die voorkant van die huis, langs die huis, op die stoep van die huis? -- Meer na agter toe, nie aan die voorkant nie.

HOF : Aan die agterkant van die huis of aan die kant van die huis? -- Meer aan die kant, dit wil sê as h mens in die perseel ingaan met die motorhek of binne-in die perseel gaan na die agterplaas toe, in daardie lyn net verby die kombuis was die lyk gewees.

MNR. JACOBS : Wat sê u daarvan as ek dit aan u stel dat die lyk van Caeser was vier persele verwyder vanaf Caeser (30)

s'n, regoor Caesar s'n?

HOF : Dit klop natuurlik nie. As hy vier persele verwyder is maar hy is regoor. U bedoel van die perseel oorkant die straat vier huise na die kant toe?

MNR. JACOBS : Na die kant toe, ja. -- Ek sê by een van die persele van die huise wat aan die teenoorgestelde kant is as Caesar se huis, was daardie lyk gewees. Watter een presies kan ek nie sê nie.

Kan u onthou, die ander persoon se lyk, het hy buitekant in die straat gelê of het hy ook in 'n perseel gelê? -- (10)  
By die hek.

Buitekant of binnekant? -- Die hek van die perseel waar die lyk gelê het was nie heeltemal oop gewees nie, maar ook nie toe nie. Die lyk was omtrent in hierdie opening tussen die twee pale en waar die posisie van die hek was. Dit was nie heeltemal buitekant nie, ook nie heeltemal binne-in nie.

Is dit reg dat die lyk van Caesar Motjeane wat jy gesien het, het in die agterplaas gelê van daardie perseel en dit het op 'n mat gelê. Stem jy saam? -- Nee, ek het nie opgelet of daar enige mat was nie. Ek het net na die lyk gekyk. (20)

Het jy tot by die lyk gegaan of het jy van 'n distansie af gekyk? -- Ek het dit van 'n distansie gesien, byvoorbeeld vanwaar ek staan in die getuiebank tot by daardie muur.

HOF : Vyf meter.

MNR. JACOBS : En is dit reg dat die plakkaat - daar het op daardie stadium 'n plakkaat bo-oor Caesar gelê? -- Ja, daar was 'n plakkaat gewees.

En die plakkaat se kante was omgevou gewees? -- Ek het dit nie opgelet of dit omgevou was nie.

Kante waarop geskryf was, was omgevou. Is dit reg? (30)

Die/...

-- Die kante waarop geskryf was? Ek verstaan nie die vraag nie.

Die rande waarop geskryf, was omgevou gewees?

HOF : Bedoel u nou heeltemal teruggevou of net met 'n hoek gevou?

MNR. JACOBS : Met 'n hoek gevou? -- Al wat ek onthou is dat daar 'n plakkaat was op hierdie lyk van die persoon. Of dit aan die een kant of albei kante gevou was het ek nie opgelet nie.

En ek wil dit net aan u stel dat wat op hierdie plakkaat (10) geskryf gestaan het was "Assassinate the sell-out, Asinamali" en "Away with rents"? -- Dit is nie so nie. Dit is nie wat ek gesien het nie.

Maar jy het nie die hele plakkaat gelees nie. Jy het nie eers belang gestel om te kyk of die hele plakkaat voor jou is nie? -- Wat ek gesien het is die volgende. Heel bo was dit geskryf "Asinamali." Onder dit was daar geskryf "Away with high rents."

En die kante was nie eers opgemerk het nie hoe hulle gevou was nie, kon daar iets anders gewees het wat jy ook nie (20) gesien het nie? -- Ek het nie gesien of hierdie plakkaat omgevou was nie. Ek het net gesien daar is 'n plakkaat op 'n lyk en ek sien dit in hierdie voorkoms wat ek nou net beskryf het en aanvaar dit is 'n plakkaat wat so staan.

Het jy onlangs 'n foto gesien van hierdie plakkaat? -- Nee, ek het nie.

Of 'n foto van die lyk met die plakkaat oor? -- Ek het dit nog nie gesien nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Die hospitaal waar jou vrou werkzaam is, is dit 'n hospitaal waarin die inwoners (30)

van/...

van Sebokeng of enige ander deel van Lekoa die reg het om mediese hulp daar te gaan soek of nie? -- Dit is 'n hospitaal vir mediese behandeling wat vir die werkers bedoel is.

HOF : En gesinne, neem ek aan? -- Nee.

Nie hulle gesinne nie? Kan hulle vrouens nie daarnatoe gaan nie? -- Nee.

MNR. BIZOS : Toe die optog van zone 7 se kant na die rigting van u huis besig was om op te kom, was daar nog die reuk van traangas in die lug of nie? -- Nee, 'n mens kon dit nie meer ruik nie. (10)

GEEN VERDERE VRAE.

-----  
MR. YACOOB : The next witness is from Kroonstad. He is Joseph Masheme Makoatsane. He will speak in Sotho.

JOSEPH MASHEME MAKOATSANE, d.s.s. (Through interpreter)

EXAMINATION BY MR YACOOB : Mr Makoatsane, how old are you?

-- 70 Years.

Where do you live? -- I live in Maokeng.

What is your address in Maokeng? -- 218 Seeisoville.

Do you live near any school? -- Yes, Kananelo School.

Do you know whether it is a primary school or a high(20) school? -- It is a high school.

And is it possible for you to see the school from your house? -- Yes, it is quite near.

Do you remember a day some years ago when trouble started at Maokeng, particularly at the schools? -- Yes, I do remember that.

Can you remember what year that was? -- It was in 1985.

Can you remember what year of the month this was? -- In February.

Is/...

Is it possible for you to remember the exact date or not?

-- It was on the 11th.

What day of the week was this? -- I do not quite remember. I am not sure whether it was a Monday, but I think it was a Monday.

Were you working at that stage? -- No, I was not working because we just had some rains and after a rain we cannot do our work at my place of employment.

COURT : What was your work? -- A brickyard, we make bricks.

MR. YACOOB : And where was this brickyard situated that (10) you worked at? -- It is quite a distance from where I live, but it is in the old township.

So, you did not come to work on that morning, the morning that trouble started? -- It was before I had gone to work during that time.

Did anything unusual happen then before you had gone to work and while you were still at home? -- There was some noise which I heard from children.

Did it sound like a lot of children or just a few of them? -- It sounded like many children. (20)

What did you do when you heard this noise? -- I went out to investigate as to what was happening.

And what did you see when you went outside? -- I noticed children from Bodibeng School going past in the direction of Kananelo School.

Did you see this while you were still within your yard or did you have to move away from your house some distance before you saw this? -- I went out of my yard and stood some distance away from it.

From the point at which you were standing, could you (30)

see/...

see the Kananelo School or not? -- Yes, I can see that.

Was anything happening at Kananelo School while you began to have a look? -- I noticed children standing in a group at the gate.

These children that you saw moving towards Kananelo, were they quiet or what was the position? -- They were singing.

Could you hear what they were singing? Could you make out from that distance? -- No, I could not.

What happened to these children who were approaching(10) Kananelo? What did they do?

COURT : Just a moment. Do I have it correct that the Bodibeng children were passing your house? -- Not immediately passing at my house. They were walking in the direction of Kananelo a distance away from my house.

So, they were not in your street? -- The position is this. I live in a street which is a tarred street. My house is facing that street as my front street and when I heard this noise, it was during the time that the children from Bodibeng were going across that main street at which I live in the(20) direction of Kananelo.

MR YACOOB : What happened? You saw these children moving towards Kananelo. Can you please take up the story from there? -- What I noticed next, after the Bodibeng children were at the gate of Kananelo, the Kananelo children then joined them, meaning that they came from inside the school premises to join them.

Was the joining process completed from what you saw? -- Yes, after that they proceeded moving. After having moved for some distance, the police vehicles then appeared.(30)

COURT/...

COURT : Did the Bodibeng children continue in the same direction or did they turn around and go in a different direction? -- They turned going back.

On their tracks? -- Yes.

MR YACOOB : Carry on, you said some police vehicles approached. What happened then? -- When the police vehicles emerged, the police got off the vehicles and started shooting teargas, which resulted in the children dispersing, running into different directions.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : As u voor u huis (10) staan in die teerstraat wat voor die huis verby loop wat u vir die hof beskryf het en u kyk met die teerstraat langs, kyk u dan na die skool toe as jy na die een kant toe kyk? -- Daar is nie huise daar nie. Dit is net die skool in daardie opening.

HOF : Grens een kant van die skoolperseel aan die teerstraat? -- Ja, die een kant van die skool grens aan die teerstraat.

Maar die ingang van die skool is nie aan die teerstraat nie, maar is aan die grondstraat? -- Ja, jy kan opgaan met die teerstraat tot om en by by 'n straat waar jy nou weer (20) gaan afdraai in 'n grondpad om by die hek van die skool te kom.

Ek het die prentjie. En die polisie het met die teerstraat aangekom? -- Ja, die polisie het met die teerstraat gery om die skool om by die ander kant uit te kom.

MNR. JACOBS : Die prentjie is nog nie heeltemal duidelik vir my nie. Beteken dit dat die ingang van die skool waar jy ingaan - die skoolgebou is tussen jou huis en die ingang? -- Nee, ek is duskant en die ingang van die skool is anderkant.

So, die skoolgebou self is tussen jou en die ingang? (30)

Nee/...

-- Nee, maar die posisie is so. Van my huis af loop ek op met die teerstraat tot by die laaste hoekhuis van Phomolong. Dan moet ek daar indraai met 'n grondstraat. Met daardie straat af sal ek by die ingang van die skool kom.

HOF : Wat die advokaat wil weet is, as 'n mens by jou huis staan, kan jy die skoolgebou sien, neem ek aan? Die gebou?  
-- Ja, dit kan ek sien.

Wat hy verder wil weet is, kan jy ook die hek sien of is die skoolgebou tussen jou en die hek in? -- Ek kan nie die ingang van die skool sien nie, want my uitsig is (10)  
belemmer deur die gebou van die skool.

MNR. JACOBS : As dit die geval is, wil ek dit vir u stel dat u kon nie gesien het dat daar wag kinders by die skoolhek en dat groepe daar aansluit bymekaar nie? -- As ek by my huis is, al kan ek nie presies sien waar die ingang geleë is van my huis af, weet ek dat die ingang daar is, kon ek nog die ander klomp kinders sien wat daar staan by die hek. Dat daardie kinders staan in die omgewing van die hek.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

K1324

JOSEPH MASHEME MAKOATSANE, nog onder eed (20)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Meneer, ek wil net 'n paar aspekte duidelik kry wat ek nie verstaan in u getuienis nie. As u voor u deur staan by die hekkie en u kyk na die straat toe, is hierdie Kananelo Skool aan jou linkerkant of aan jou regterkant? -- As ek nou by my hek staan, is die skool net voor my. Ek kyk in die rigting van die skool.

Die kinders wat jy gesê het wat die straat gekruis het, was hulle aan jou, soos jy kyk na die skool, linkerkant of aan jou regterkant waar hulle hierdie teerstraat wat voor (30)  
jou huis verby? -- Aan my regterhand se kant.

U/...



U het gesê die polisie het aangekom. Het die polisie met hierdie teerstraat die eerste keer toe jy hulle gesien het aangekom daardie oggend? Dit is die teerstraat wat voor jou huis verby loop? -- Daar is 'n teerpad, nie die een wat voor my huis verbygaan nie. Dit is 'n ander teerpad wat hierdie een kruis aan die ander kant. Hulle het daardie teerpad gebruik om om die skool te kom.

So, hulle het nie afgery agter die kinders aan nie, maar hulle het die kinders van voor af genader? -- Die voertuie het op die volgende manier daar gekom. Een van (10) die voertuie het om die skool gery om aan die voorkant te kom by die kinders en die ander een het agter die kinders aangery gekom, want dit het dieselfde rigting as die kinders gevolg.

So, die een wat agter die kinders gery het, het ook oor hierdie teerstraat gegaan soos die kinders, die teerstraat wat voor jou huis verby loop? -- Net een voertuig het om gery soos ek alreeds gesê het. Die ander voertuie het ek eers van bewus geword net toe hulle in hierdie straat in gery het waar die kinders was. Ek het nie die voertuie vroeër gesien (20) om vir die hof te kan sê van watter rigting af hierdie voertuie gekom het nie.

Verstaan ek dan die prentjie korrek dat een voertuig was voor die kinders en een voertuig was agter die kinders?

HOF : Nee, meer voertuie was agter die kinders. Daar was ander voertuie.

MNR. JACOBS : Ander voertuie dan, soos hulle aanvanklik geloop het na die skool toe? -- My getuienis is dat twee voertuie het in dieselfde straat gery as die kinders. Dit wil sê agter die kinders aan gery. Net een voertuig (30)

behalwe/...

behalwe hierdie twee het omgery om by die skool se ingang te kom. Ek kan nie sê of daardie voertuig voor die kinders ingery het of wat die posisie is nie.

Watter polisie het geskiet? -- Ek sal dit nie kan getuig nie, want ek het die skote gehoor en die rook gesien tussen die kinders as gevolg waarvan die kinders uiteen gegaan het. Ek kan nie sê wie geskiet het of watter een geskiet het nie.

Is dit omdat jy nie kon sien nie omdat die skool tussen julle was? -- Ja, die skoolgebou is in my pad om alles te(10) kan sien wat gebeur daar aan daardie kant van die skool.

Wat sê jy van getuienis van die verdediging, nie wat die staat sê nie, maar dat die kinders het daar by die hek bymekaar gekom en toe het hulle verder aan geloop nie met hulle spore terug nie, maar verder aan geloop om deur die hele woongebied te kan loop? -- Dit sal ek nie weet nie, want ek het nie spesifiek opgelet wat na die voorval wat ek beskryf het aan die hof gebeur het nie.

HOF : U het die kinders gesien en die kinders het op 'n stadium of van die kinders het op 'n stadium uit u sig (20) verdwyn omdat hulle by die hekkie was blykbaar? -- Ja, dit is so.

Het u na dit weer beweging gesien in die groep of het die polisie daarop afgekom voordat hulle weer 'n besondere rigting ingeslaan het? -- Die kinders het ek uit die oog verloor omdat hulle uit my sig was.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Is dit al die kinders? -- Ja, al die kinders. Na hulle verdwyn het daar het ek toe gesien dat die polisie daar opgedaag het. Dus voor ek gesien het wat toe met die kinders gebeur het, het ek die rook gesien. (30)

Ek/...

Ek kan dus nie vir die hof sê watter verdere beweging daar was terwyl die kinders uit my sig was nie.

HOF : So, die eerste wat u toe weer kinders sien, is kinders wat in alle rigtings spat? -- Ja, toe hulle uiteen gegaan het.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Nog net een ding oor die kinders. U het gesê u het die kinders oor die straat gesien kruis van Bodibeng Skool af en dan het u ook die Kananelo kinders gesien, h klomp van hulle wat op die terrein is en wat besig is om aan te sluit by die Bodibeng kinders? -- Wat ek sê (10) is dat ek die kinders van Bodibeng gesien het die straat kruis in die rigting van Kananelo. Op h stadium het die kinders by die hek van Kananelo gekom. Terwyl hulle daar was het die getal van die kinders wat gestaan het meer geword. Dit is na aanleiding daarvan dat ek sê die kinders van Kananelo het by die kinders van Bodibeng aangesluit.

En al hierdie kinders het uit u sig verdwyn voordat u later die kinders uitmekaar sien hardloop het? -- Ja, dit is reg.

MNR. JACOBS : Ek wil dit ook aan u stel, toe hulle by (20) die hek gekom het kon jy nie sien dat daar kinders aansluit nie, omdat die hek was nie vir u sigbaar nie?

HOF : As dit logies is, is dit logies. Hoekom moet h mens nou sê die hemel is blou as die hemel blou is.

MNR. JACOBS : Omdat ek .. (Hof kom tussenbei)

HOF : Wel, dit kan u argumenteer. Wat is u volgende vraag.

MNR. JACOBS : Ek wil dit ook aan u stel dat u het vir die hof h doelbewuste onwaarheid vertel toe u sê daar by die hek het die kinders omgedraai en terugbeweeg in dieselfde rigting as waarvan hulle vroeër gekom het? -- Na die (30)

ander/...

ander kinders by hulle aangesluit het by die hek, het hulle eers omgedraai.

HOF : Ek het dan van u verstaan u kon dit nie sien nie? -- Vanwaar ek gestaan het meer links is die skoolgebou en as jy reguit kyk en nie links kyk vanwaar ek staan nie, sien jy die skool se perseel. Al kan jy nie die hek sien nie, kan jy nog die kinders sien wat op die skool se perseel is. Dit is dan wat gebeur het. Ek het die kinders gesien wat op die perseel was, al kon ek nie die hek sien nie. Dit is die kinders waarvan ek praat as ek sê die kinders het by (10) die ander aangesluit. Hulle het toe minder geword van voor my waar ek hulle kon sien.

MNR. JACOBS : Toe die polisie geskiet het, was daar nog kinders voor u op die perseel? -- Ek kon nie meer daardie kinders sien wat voor my was nie.

Jy sien, ek wil dit aan u stel dat u vertel 'n onwaarheid, die polisie het nie by daardie skool geskiet nie? Wat gebeur het daar sal ek verder aan jou stel. Die polisie het daardie kinders van Bodibeng skool af gevolg, agter hulle gery. Daar by die skool het die skoolkinders van Kananelo aange-(20) sluit en toe het hulle verder beweeg en die polisie het nog steeds agter hulle aangery. Daar was geen skietery daar nie? -- Die kinders het wel weggehardloop daar. As daar nie geskiet was nie, kan ek nie sien hoekom hulle weggehardloop het nie.

Wat meer is, hulle het nie weggehardloop nie, hulle het nog in 'n optog beweeg na 'n volgende skool toe? -- Die kinders het uiteen gegaan daar met die oog daarop om weg te hardloop. Van die kinders het daar op die persele gehardloop wat in die nabyheid van daardie toneel was. (30)

Hoekom/...

Hoekom was u nie eerlik met die hof en vir die hof vertel dat die mense het wegbeweeg en die polisie het hulle nog steeds gevolg nie? -- Nee, ek sal nie h'n ding vertel wat ek nie gesien het nie.

Net een ding wat ek nog vir u wil vra is, as u by u huis uitkom na u voordeur toe en na u hek toe en die skool is voor u soos u netnou gesê het, hoekom moes u tot in die straat beweeg om te kan sien? -- Die rede hoekom ek uit die perseel gegaan het om daar by die straat te gaan staan, was met die oog daarop om h'n goeie sig te hê van die skool. (10)  
Die skool is voor my, maar om h'n goeie sig daarvan te kry, het ek besluit om in die straat te gaan staan.

Aan weerskante van jou huis, het jy bure wat daar woon? -- Ja, ek het.

En dan oorkant jou huis is daar mense wat daar woon, huise wat daar staan? -- Nee, dit is h'n oop veld daar.

Is dit die skool se perseel wat daar eindig oorkant jou huis? -- Nee, dit is h'n entjie ver van daardie plek af.

HOF : Lê die skool anderkant die oop veld? -- Ja, in daardie oop stuk veld meer links is die skool. Die skool is (20)  
eintlik naby Phomolong.

MNR. JACOBS : Het jy h'n idee hoe ver is h'n kilometer? -- h'n kilometer is mos ver.

HOF : En hoe ouer jy word, hoe verder word dit.

MNR. JACOBS : Sal jysê die skool is van jou af h'n kilometer of meer as h'n kilometer? -- Hierdie kilometer wat u van praat is dit nie gelykstaande aan h'n myl nie of hoe tel u dit?

HOF : Ja, dit is h'n klein myl? -- O, is dit h'n klein myl? As dit die geval is sal ek sê daardie skool is h'n kilometer van my af. (30)

HERONDERVRAGING DEUR MNR. YACOOB : Geen vrae.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : U sê die skool is naby Phomolong?

-- Ja.

Ons het gehoor daar is nog n skool in Phomolong ook? --  
Ja, daar is, maar daardie skool kan ek nie sien van my huis  
af nie. Die skool is aan die ander kant waarvan u praat.  
Die een waarvan ons nou praat is die een aan my kant, maar  
noggans in Phomolong.

Is die twee skole naby aan mekaar of is hulle ver van  
mekaar af? -- Nee, hulle is nie naby mekaar nie. (10)

U kan nie sê hoeveel klein myle dit is nie, nê? -- Nee,  
ek sal nie kan sê nie.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - -

MR YACOOB : The next witness from Thabong is Izak Hlopheho  
Moloi.

IZAK HLOPHEHO MOLOI, d.s.s. (Through interpreter)

EXAMINATION BY MR YACOOB : Mr Moloi, how old are you? --

21 Years.

Were you at school during 1984? -- Yes, I was at school.

What school were you in? -- Teto High School. (20)

Is that in Thabong? -- That is in Thabong.

Do you presently live in Thabong? -- Yes, I live in  
Thabong.

What is your address in Thabong? -- 2126 is the house  
number in Seutloadi Street.

What standard were you in during 1984? -- St. 8.

How many COSAS meetings have you attended in your life?  
-- I only attended one meeting.

When was this meeting held? -- I do not quite remember.

If/...

If my memory serves me well, it should have been in March 1984.

How did you get to know about this meeting? -- I met one of my school mates who told me about this meeting.

Where was this meeting to be held?

COURT : Where was it in fact held?

MR YACCOB: Where was the meeting held? -- At the school hall.

How many scholars were present? -- Between hundred and hundred and fifty is my estimation of the children present. (10)

Can you remember who chaired this meeting? -- Yes, Frederick Kwetle.

What happened at this meeting? Can you give the court a brief idea? -- According to Frederick Kwetle, the chairman of this meeting, he explained to the meeting that there is an organisation of scholars which was going to represent the students in getting permission to form an organisation of scholars, namely the SRC's. He further said that this organisation is going to work towards the ending of what we called the prefect system. It was going to be of help (20) towards the scholars in respect of the age limit.

What was the problem about the age limit at that time? -- The problem at this school was when we re-opened in 1984 some scholars were not allowed to re-register because it was being said that they are quite old for re-registration.

COURT : What was your age limit? -- I do not quite remember, but if my memory serves me well what was said there is that a person who is above the age of eighteen will not be allowed at school to register when this person was still to do St. 6. (30)

Eighteen/...

Eighteen years for St. 6? -- Yes.

It is not eighteen years for matric? It is eighteen years for St. 6? -- Yes, it was eighteen years for St. 6. That person would not be allowed to register as a St. 6 pupil.

